## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**35% WATERBEPERKINGS \ 35% WATER RESTRICTIONS \ 35% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 OKTOBER 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. GJ Goliath | : | Munisipale Bestuurder - waarnemend |
| Mnr. W Wagener | : | Direkteur Korporatiewe Dienste - waarnemend |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste - waarnemend |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. SM Lesch | : | Hoof: Informasie Kommunikasie en Tegnologie |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**BKN059/10/2018**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN060/10/2018**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – siekverlof
Direkteur Korporatiewe Dienste – IMPSA-konferensie
Direkteur Gemeenskapsdienste – verlof

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy ongelukkigheid uit oor die afwesigheid van senior amptenare by die Uitvoerende Burgemeesters-komitee se vergaderings en Raadsvergaderings.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder bevestig dat bogenoemde vergaderings sal prioriteit geniet en dat dit aangespreek sal word by die volgende Formele Direksievergadering.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN061/10/2018**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN062/10/2018**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 11 OKTOBER 2018</u>**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 11 Oktober 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**BKN063/10/2018**
**<u>EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER (BKN006)</u>**
**3/3/1/6**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder rapporteer dat die Opening-seremonie van die “Outdoor Gym” plaasvind op Vrydag 09 November 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN064/10/2018**
**TWEEDE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: PELICAN BEACH RESORT: ERF 576 LAAIPLEK (L 576) (BKN011)**
**15/3/8; 17/7/4/1**

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur lei die item in en lê die aanbevelings voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat voortgegaan word met die korttermyn implementeringsplan, naamlik:

| AKTIWITEIT | OMSKRYWING | KOSTES | KOSTE PER MAAND | VERANTWOORDELIKE PERSOON |
|---|---|---|---|---|
| Skoonmaak van terrein | • Twee (2) manlike tydelike werkers gaan vanaf 15 Oktober 2018 aangestel word om terrein skoon te maak en te onderhou. | R100 per dag (EPWP Tarief) | R4 000 | Eugenia Smith |
| Dagkampering (Opgradering) | • Opbou van braaiplekke + 5 nuwe braaiplekke<br>• Verskuiwing van speelpark<br>• Opgradering sal vanaf 01 November 2018 begin. | R5 000 | R50 000 | Dean Josephus / Leon Gouws |
| Verwydering van speel apparate | • Verwydering van beskadig-de speelapparate vanaf 15 Oktober 2018 | - | - | Eugenia Smith |
| Mobiele Toilette | • Huur 10 mobiele toilette vanaf 10 Desember 2018 tot 07 Januarie 2018 | R1 000 p/d per toilet | R290 000 | Eugenia Smith |

2. Langtermyn Beplanningsvoorstel:

(a) "That Erf 576, Laaiplek be made available by means of tender proposal calls for a mix use tourist development, which must include:

i. a free coastal access area (including: walkways);

ii. paid day camping facilities (for example: picnic/braai facilities and associated infrastructure);

iii. Longer term stay/paid facilities (for example: holiday rental or long term sub-lease agreements for a prior not exceeding the main lease agreement);

iv. other amenities required in order to make the development a viable tourist node; and

(b) That the development proposals referred to above be based on the long term lease of Erf 576, Laaiplek."

***

**BKN065/10/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy bedank die Hoof: Informasie Kommunikasie en Tegnologie vir die rekenaar wat voorsien is aan die seun van Wittewater; en
- Dat met dank kennis geneem word van die bedankings van die amptenare vir die beskikbaarstelling van vervoer deur die Uitvoerende Burgemeester na die begrafnis van Mnr. Chad Mannel.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN066/10/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN067/10/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN068/10/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: OOPSTEL VAN MUNISIPALE SWEMBADDENS**
**9/1/2**
***(‘n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Raadslid du Plooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer, onder andere:

- Dat ‘n volledige verslag voorgelê word met betrekking tot die opening van die swembaddens by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering van Donderdag 15 November 2018;
- Dat alle munisipale swembaddens vir die publiek oopgestel word vanaf Donderdag 15 November 2018;
- Dat alternatiewe waterbronne gebruik word om munisipale swem-baddens se watervlakke aan te vul; en
- Dat die CWP werkers opgelei word as lewensredders, uit die fondse beskikbaar;

**BESLUIT**

1. Dat die Raad goedkeuring verleen om die munisipale swembaddens van Piketberg oop te stel, sodra alle voorbereidings en instandhoudings afgehandel is; en
2. Dat die nodige veiligheidsmaatreëls by munisipale swembaddens inplek gesit word om die veiligheid van die publiek te verseker.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN069/10/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: MUNISIPALE AANGELEENTHEDE VIR KENNISNAME AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en versoek dat die onderstaande items opgeneem moet word in die Agenda van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering wat gehou sal word op Dinsdag 27 November 2018, naamlik:

- Die Sportbeleid;
- Kontrakte van die sportsvelde;
- Tydskedule van die kapitaal-projekte;
- Tydskedule van die herseël van strate en potgate;
- Tydskedule van die begrote poste van 2018/19;
- Tydskedule van die begrote poste wat nog nie gevul is nie;
- Die indiensnemingbeleid;
- Die drankure verordening; en
- Die afskryf van debiteure, deernis gevalle.

Ten slotte versoek die Uitvoerende Burgemeester dat die notules van alle Novembermaand se Staande Komitees in die Agenda van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee opgeneem word wat plaasvind op Donderdag 13 Desember 2018 en daarna maandeliks voorgelê word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

1. Dat die Sportbeleid en kontrakte van die sportvelde ter tafel gelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering van Dinsdag 27 November 2018;

   ***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE (27/11/2018)***

2. Dat die tydskedule van die kapitaal-projekte en die tydskedule van die herseël van strate en potgate ter tafel gelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering van Dinsdag 27 November 2018;

   ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (27/11/2018)***

3. Dat die tydskedule van die begrote poste van 2018/19 en die tydskedule van die begrote poste wat nog nie gevul is nie, ter tafel gelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering van Dinsdag 27 November 2018;

   ***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (27/11/2018)***

4. Dat die Indiensnemingbeleid deeluitmaak van die agenda van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 27 November 2018;

   ***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (27/11/2018)***

5. Dat die Verordening: Drankure ter tafel gelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering van Dinsdag 27 November 2018; en

6. Dat 'n verslag rakende afskryf van debiteure, deernis gevalle ter tafel gelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering van Dinsdag 27 November 2018;

   ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (27/11/2018)***

***

**BKN070/10/2018**
**<u>MONITERING VAN WATERKRISIS</u>**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee kortliks mondelinge terugvoer met betrekking tot die damvlakke en -volumes tot op hede.

Verder meld hy dat hy by die volgende Tegniese Dienste Staande Komitee vergadering 'n formele verslag sal voorlê met betrekking tot die verbeteringsplan op water.

Ten slotte bevestig die Direkteur Tegniese Dienste om bestaande boorgate toe te rus vir verdere operasies in die lewering van boorgat water vir die gebruik/verspreiding/berging vir Bergrivier Munisipaliteit.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN071/10/2018**
**<u>KLANKSISTEEM: RAADSAAL: VERLENGING VAN DIENSKONTRAK</u>**
**6/2/2/1**

Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**<u>AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad kennis neem dat die proses soos uiteengesit in Artikel 116(3) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003 gevolg is;
2. Dat die Raad kennis neem dat Omega Digital Technologies (Pty) Ltd 'n nuwe entiteit gestig het en die dienskontrak aangegaan sal word met Omega Digital Services (Pty) Ltd; en
3. Dat die dienskontrak van die klanksisteem in die Raadsaal verleng word vir 'n verdere tydperk van 36 maande, vanaf 01 November 2018 – 31 Oktober 2021, teen die voorwaardes soos vervat in die huidige dienskontrak, met inagneming van eskalasie.

***

**BKN072/10/2018**
**<u>2018/19 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30 SEPTEMBER 2018 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**
**15/1/5/5**

**<u>RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July - 30 September 2018) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***

**BKN073/10/2018**
**INFORMASIE STELSEL**
**6/2/2/2**

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die verslag; en
2. Dat 'n verdere verslag voorgelê word met betrekking tot die finansiële implikasies vir die opgradering/uitbreiding van die IKT infrastruktuur vir Bergrivier Munisipaliteit.

***(Die Hoof: Informasie Kommunikasie en Tegnologie verlaat die vergadering met toestemming om 10:50)***

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN074/10/2018**
**WATERDIENSTE ONTWIKKELINGSPLAN**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word dat die Waterdienste Ontwikkelingsplan Julie 2016 opdateer was vir 'n periode van 5 jaar en op 'n jaarlikse basis voor die einde van Oktober 'n Waterdienste Oudit gedoen word;
2. Dat 'n opsomming van die Waterdienste plan en Waterdienste Oudit op die webtuiste geplaas word; en
3. Dat die Waterdienste Plan en Waterdienste Oudit aan die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, asook die Minister van Waterwese en Sanitasie voorsien word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN075/10/2018**
**EXPANDED PUBLIC WORKS PROGRAMME (EPWP)**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, ter inligting aan die Komitee.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die "Expanded Public Works Programme" (EPWP).

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN076/10/2018**
**MIG-PROJEKTE VORDERINGSVERSLAG**
**5/9/3**

Raadslid Wessels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die vordering van staande projekte;
2. Dat kennis geneem word van die beperkte bedrag van die totale projekkoste wat deur die MIG-program befonds sal word; en
3. Dat kennis geneem word van die feit dat sommige projekte moontlik afgeskaal sal moet word tot binne die goedgekeurde MIG bedrag, indien addisionele befondsing nie beskikbaar is nie.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN077/10/2018**
**VERSLAG OOR HUIDIGE STAND VAN PROJEKTE TE GOEDVERWACHT EN WITTEWATER**
**9/1/2**

Raadslid Wessels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die vordering van Goedverwacht en Wittewater projekte.

***

**BKN078/10/2018**
**TERUGVOER: SALGA: INTERGOVERNMENTAL RELATIONS**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN079/10/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN080/10/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN081/10/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN082/10/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN083/10/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN084/10/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:05***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***